Die Verskille tussen die Ou en die Nuwe Testament

" 'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en altwee bly behoue" (Matt. 9:17).

"Wanneer die priesterskap verander, moet daar noodwendig 'n aanpassing van die wet plaasvind om daarvoor voorsiening te maak" (Heb. 7 :12).

Veranderinge wat ingetreë het by die oorskakeling van die Ou Testament na die Nuwe Testament

Ou Testament	**Nuwe Testament**
1. **Mosaiëse Wet** (Deut.28:1-15) ***"****As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou* ***al sy gebooie wat ek jou vandag beveel,*** *dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde."*	1. **Leringe van Jesus** en geskrifte van N.T. ***"****Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het"* (Matt. 7:24). Die Wet van Liefde: Jak. 2:8,Matt. 22:36-40, Gal. 5:14).
2. **God het deur die profete gespreek** *"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete..."* (Heb.1:1-2).	2. **Gespreek deur Sy Seun** *"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun"* (Heb.1:1-2).
3. Die Wet deur Moses op die **berg Sinai** (Ex.20)	3. Jesus spreek op die **Olyfberg** (Matt. 5:1).
4. **Die Tempel in Jerusalem die sentrale plek van aanbidding.** *"En jy moet vir die HERE jou God as pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat die HERE sal uitkies om sy Naam daar te laat woon"* (Deut. 16).	4. *"Of weet julle nie dat julle* ***liggaam 'n tempel*** *is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?"* (1Kor. 6:19). *"...glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook* ***nie in Jerusalem*** *die Vader sal aanbid nie...Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid"* (Joh.4:20-24). "Jy gaan nie kerk toe nie, jy is die kerk!"
5. **Ou stelsel van priesterskap en bediening: Aäron, die Hoë Priester,**	5. **Die nuwe Hoë Priester, Jesus** (Heb:11-7).

Aäronitiese en Levitiese priesters (Lev.8:12-13, Heb.7:11).	**Nuwe Testamentiese priesterskap van alle gelowiges** (1 Pet.2:9, Open. 1:6).
6. **Offerhandes oor-en-oor** (Lev.16:34)	6. **Eenmalige Offer van Jesus, die gekruisigde:** *"Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word"* (Heb. 10:14).
7**. Net priesters kan van fisiese diere en graan offers eet:** *"Dan moet Aäron en sy seuns die ram se vleis eet...maar 'n onbevoegde mag daarvan nie eet nie, want dit is heilig"* (Ex.29:33).	7. **Almal mag van geestelike offer eet:** *"Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid...Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe..."* (Joh. 6:51-54).
8**. In die Ou Testament is die priesters, konings en profete, die gesalfdes van die Here:** *"Raak my gesalfdes nie aan en doen my profete geen kwaad nie"* (Ps.105:15).	8. **Alle gelowiges is gesalfdes** van die Here: In Handelinge 2 ***"is almal"*** vervul met die Heilige Gees (Hand. 2:4). *"En julle het die salwing van die Heilige Gees..."* (1 Joh. 2:20, Hand. 2, 1 Kor.14:1, gawes vir almal).
9. **Gesalfdes hoër status as die gewone mense** (Ps.105:15)	9**. Gesalfdes geen status** oor ander nie: *"Jesus het gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees"* (Matt. 20:25-27).
10. **Priesters net uit die stam van Aäron en Levi** (Heb. 7:11-12).	10. **Nuwe Testamentiese leraars: die ideaal vir alle gelowiges:** **"***Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees..."* (Heb. 5:12, 1 Kor.14:1-3) *"Wanneer julle saamkom, dan het* ***elkeen*** *van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging..."* (**1Kor.14:26).** "*Want* ***julle kan almal*** *een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word"* (1Kor. 14:31, my beklemtoning).

11. **Volk moes opgaan na die tempel in Jerusalem om deur priesters bedien te word** (Deut.14).	11. **Nuwe vorm van byeenkoms en bediening:** *"Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"* (Matt18:20). ***"****Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied"* (1 Kor.14:26).
12. **Ou Testamentiese uiterlike besnydenis** om deel van die verbondsvolk te word (Ex.12:48).	12**. Nuwe Testamentiese besnydenis van die hart** – geestelike wedergeboorte: *"...in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus..."* (Kol. 2:11).
13. **Onder die Wet van Moses op kliptafels** (Ex.31:18, Deut. 28).	13. *"...**die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus** het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood"* (Rom. 8:2). *"Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo"* (Rom. 10:4). **Wet van Christus op harte**: *"...as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh.3:3). (Eseg.36:26, Gal.5:16).
14. Priesters word onderhou deur die betaal van **Tiendes** (Mal.3:10).	14. **Rentmeesterbeginsels** is van toepassing: "*Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie..."* (2 Kor. 9:7). Daar word in behoeftes voorsien deur wat Jesus gesê het: *"Dit is beter om te gee as om te ontvang"* (Hand.20:35).

Slotsom

In 'n meerdere of in 'n mindere mate, in terme van lering en praktyk, word baie Christelike gemeentes nog deur Ou Testamentiese beginsels en denke beïnvloed. Die bekendste voorbeeld is die gebou van baksteen en sement waarin daar op Sondae bymekaargekom word wat met ontsag deur baie "die Huis van die Here" genoem word, dit ten spyte van die duidelike verklaring in Handelinge 17:24 dat "*Die God wat die wêreld gemaak het...woon nie*

in tempels met hande gemaak nie." Sou leraars met ernstige Nuwe Testamentiese lering begin, sou dit noodgedwonge tot radikale aanpassings in baie gemeentes moet lei. Die skerp skeidslyn tussen professionele bedieninge en die bediening van die Nuwe Testamentiese prieterskap van alle gelowiges sou verflou en omdat die klem en belangrikheid van die gebouekompleks as "die huis van die Here" ook sou verdwyn, sou daar met vryer, alternatiewe vorme en maniere van bymekaarkom geëksperimenteer kon word. Die vasklou aan tradisionele lering en praktyk wat nie met Nuwe Testamentiese openbaring stryk nie, weerhou baie gemeentes om nuwe "wynsakke" te word.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com